

20 September

Skrifgedeelte: Matteus 16:21-28

Fokusgedeelte: Matteus 16:21-23

Opstaan en val en weer opstaan

Ons geloofslewe is nie soos 'n egalige, gelyk pad wat altyd dieselfde is nie. Ons geloofspad gaan op en af, deur kronkels en draaie. Soms val en struikel ons deur sonde en staan weer op en keer terug na ons hemelse Vader. So was dit ook met die apostel Petrus. In die vorige perikoop (vs 13-20) was Petrus die geloofsheld. Hy is die man wat die helder belydenis oor Jesus uitgespreek het (vs 16): "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Nou is dit so totaal anders. Die rotsman word skerp deur Jesus aangespreek (vs 23): "Moenie in my pad staan nie, Satan!" Petrus wou met goeie bedoelings keer dat dood en lyding Jesus se deel word. Hy wou 'n Christus hê sonder die lyde van die kruis. Jesus sien dit egter as 'n aanval van die duiwel, wat deur Petrus werk. Petrus het vanuit sy menslike perspektief gedink en nie soos God nie.

Petrus sou geestelik weer opstaan en sy Meester verder volg. Hy sou weer val toe hy Jesus in die nag van die gevangeneming drie keer verloën het. Hy sou egter weer opstaan en sy liefde vir Jesus verklaar na die opstanding (Joh 21), die preek lewer op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is en nog lank 'n leidende rol in die kerk speel.

Om te volhard in die geloof, hou nie in dat ons nooit in sonde sal val nie, maar dat ons elke keer sal opstaan en na ons Vader en sy genade sal terugkeer. Dink vandag weer diep oor die dele van jou lewe waarvoor jy nog na God en sy wil toe moet terugdraai – en doen dit.

Sing: Skrifberyming 2-1:1, 2, 6, 7

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)